

Beplan jou weg na finansiële vryheid: Die onafwendbaarheid van die dood en aftrede

Waar die verlede net geskiedenis is en die toekoms slegs onsekerhede inhou, is die hede al wat mens het. In die finansiële wêreld, soos in alle areas van die lewe, is niks buiten die dood en belasting, gewaarborg nie. Wanneer 'n man sonder behoorlike boedel- en aftreebeplanning aftree, los dit sy vrou en huishouding met deuskant helfte die inkomste. Dit is ongelukkig vir meeste van ons 'n hartseer werklikheid. Mens kan hoe goed voorsiening maak vir jou aftrede, maar vroeër of later vind meeste mense hulle aan die rand van 'n glibberige skuldlokval. Dieselfde kan gesê word oor die skielike dood van 'n broodwinner - sonder die nodige reëlins in plek, sal die oorblywende familieled finansiëel in die knyp gelaat word.

Vir die oorgrote meerderheid is die vooruitsig van aftrede en die onafwendbaarheid van die dood twee verontrustende konsepte. Die onsekerheid van volhoubare inkomste vir die toekoms wek wye kommer in meeste mense wat naby aan aftrede staan. Baie individue meen dat boedel- en aftreebeplanning slegs nodig is vir persone wat hoë inkomstes verdien. Dit is egter nie heeltemal waar nie, aangesien persone met hoë inkomste gewoonlik minder finansiële probleme met aftrede en/of hulle gesinne met by hulle dood ervaar. Dit is belangrik dat almal die basiese voorbereiding in plek het wat insluit die opstel van 'n professionele testament en gereelde boedel- en aftreebeplanning om enige belastingimplikasies, kontanttekorte vir aftrede en die finansiële bystand wat familie en geliefdes onmiddellik na hulle geliefde se dood sal benodig, aan te spreek. Ten einde die noodsaaklike aard van boedel- en aftreebeplanning te verstaan, is dit nodig om te verduidelik wat normaalweg in die praktyk gebeur wanneer dit nie gedoen word nie.

'n Testament is sekerlik een van die belangrikste regsdokumente wat 'n mens kan besit. Ongelukkig word die waarde daarvan dikwels oor die hoof gesien en deur baie mense onderskat. As 'n persoon nie 'n getekende testament nalaat op die oomblik van delatio (dood) nie, sal die persoon se boedel volgens die reëls van intestate erfopvolging verdeel word. Sonder so 'n geldige testament is daar ook geen genomineerde eksekuteur nie. In so 'n geval moet nominasies vir 'n eksekuteur verkry word van naasbestaandes - dit sal ongetwyfeld lei tot onnodige vertraging in die beredderingsproses. Die aangestelde eksekuteur mag 'n maksimum fooi van 4,025% (BTW ingesluit) van die bruto waarde van die boedel hef. 'n Fooi só hoog, kan redelikerwys van 'n eksekuteur verwag word wat nie in die eerste plek die eksekuteur van 'n persoon se boedel wou wees nie.



Die publiek is so vasberade om boedelbelasting te bespaar, dat hulle soms vergeet om die geld-olifant in die vertrek aan te spreek. Om strukture in plek te hê wat boedel- en ander belastingsonkoste te spaar is als goed en wel, maar sonder genoeg likiditeit in die boedel om hierdie belasting, eksekuteursfooie, oordragskoste en ander uitgawes te betaal, moet van of al die bates in die boedel verkoop word. Na aftrede besef die meeste mense gou dat daar te veel tyd oor is aan die einde van hul lewensbesparings. Hulle het gewoonlik nie genoegsame fondse om hul vorige lewenstyle te handhaaf nie. Die vraag is egter nie op watter ouderdom mens wil aftree nie, maar eerder teen watter inkomste.

Dit blyk duidelik uit die bogenoemde uiteensetting dat boedel- en aftreebeplanning uiters belangrik is om finansiële vryheid te verseker. Die onberispelike waarde van boedel- en aftreebeplanning is onmeetbaar en bied mens die geleentheid om nou vir die toekoms te kan beplan, sodat mens nou al iets daaraan kan doen.

Ons fidusiêre span by BVSA het jare se ondervinding in boedel- en aftreebeplanning en is professioneel toegerus om u te help met enige aangeleenthede wat daarmee verband hou. Vir verdere inligting oor boedel- en aftreebeplanning, kontak asseblief enige van ons finansiële adviseurs vir kundige advies.

Reghardt Draper; CFP; LLB; LLM

Die wynbedryf tel kop op

Na 'n paar baie moeilike jare in die wynbedryf lyk dit vir wingerdboere asof die wynbedryf uiteindelik besig is om te herstel. Die dekade wat verby is het baie uitdagings vir produsente van wyndruiwe gebied, met wynpryse wat jaarliks met minder as inflasie gegroei het terwyl insetkoste, veral arbeidskoste en elektrisiteit, met baie meer as inflasie gestyg het. Die sogenaamde "koste-knyptang" het dus al erger geword. Verder moes produsente al langer wag vir hulle geld, van 18 maande tot so lank soos 30 maande by sommige kelders, waar hulle destyds al hulle geld in 10 tot 12 maande ontvang het.



Soos die winsgewendheid van wyndruiwe afgeneem het en produsente se kontantvloei al meer onder druk gekom het, is daar toenemend oorgeskakel na sitrus en sagtevrugte en is baie wingerde wat uitgehaal is nie weer vervang met nuwe aanplantings nie. Aanvanklik het verhoogde produksie per hektaar hiervoor opgemaak en het dit tesame met uitbreidings deur groter produsente wat dit kon bekostig en wat nie wou oorskakel na ander boerderye toe nie, veroorsaak dat die totale wyndruiwe-oes steeds toegeneem het. Die afname in die wingerdstand tesame met 3 jaar se droogte en 2 jaar se rypskade het nou uiteindelik sy tol geëis en gevolglik is die voorraadvlakke tans baie laag.

Wat verder bydra tot die positiewe vooruitsig vir wyndruiwe-pryse is die feit dat Italië 'n baie swak oes in 2017 gehad het as gevolg van droogte en 'n hittegolf, terwyl oeste in 2017 ook heelwat laer was in Spanje weens ryp, hael en droogte, Frankryk weens ryp en hael, en Duitsland weens ryp. Kalifornië het ook baie druiwe verloor weens veldbrande. Daar is dus skielik wêreldwyd 'n tekort aan wyn en gevolglik moes wynpryse drasties styg.

Die meeste kelders se 2017 poele is afgehandel en die konsensus is dat pryse reeds met ongeveer 10% gestyg het sedert die 2016 oes na die 2017 oes. Onderhandelings vir die 2018 oes dui daarop dat daar 'n styging van tussen 15% en 20% sal realiseer van die 2017 na die 2018 oes. Verder kan onderhandelaars dalk ook nou die geleentheid gebruik om die betaaltermine te herstel na korter periodes terwyl hulle die bedingingsmag aan hulle kant het.

So sal wyndruiwe produsente weer voldoende wingerd begin plant om die huidige wingerdhektars in stand te hou of gaan die tendens van oorskakel na sitrus en sagtevrugte voortduur?



Lees gerus ons
nuutste artikel
op bladsy 46 van
die April uitgawe
van die Agri
Kultuur tydskrif

LEES AANLYN

Eerstens is dit onduidelik of dit 'n volhoubare styging is en of dit net vir een jaar sal duur tot die droogte in die Wes-Kaap hopelik gebreek het en Europa en Amerika ook heel moontlik weer normale oeste het.

Selfs na die stygings in die wynpryse soos bo aangetoon, vergelyk wyndruiwe se omset per hektaar en wins per hektaar ook nog steeds swak met die van sitrus en sagtevrugte. Dit is iets wat egter oor die volgende paar jaar drasties kan verander soos die laer wingerdaanplantings en groter sitrus en sagtevrugte aanplantings van die afgelope paar jaar se effekte op die aanbod en gevolglik ook op die prys van die produkte begin realiseer.

Die feit dat wyndruiwe minder water en hande-arbeid per hektaar nodig het as sitrus en sagtevrugte maak dit ook 'n goeie keuse in hierdie tye waar water skaarser word en arbeidskoste deurlopend met baie meer as inflasie verhoog word deur wetgewing. Verder sal 'n sterker rand, wat 'n groot moontlikheid is onder 'n nuwe president, die sitrus- en sagtevrugte bedrywe meer nadelig beïnvloed as die wynbedryf aangesien 'n baie groter persentasie van daardie bedrywe se produkte uitgevoer word as by die wynbedryf.

Elke produsent sal self moet besin wat sy strategie vir aanplantings vir die volgende paar jaar gaan wees, maar dit lyk of wyndruiwe darem weer een van die opsies sal wees.

Arnand Stofberg

B Agric Admin (US); B Compt (UNISA)

**Jou
vennoot**

vir 'n verskeidenheid van
omvattende rekeningkundige
& finansiële dienste

**Ons bied
die volgende dienste:**

- Maatskappy/Besigheid registrasie
- Trust administrasie
- Sekretariële dienste
- Boedelbeplanning en testamente
- Boekhouding
- Bestuurs- en finansiële state
- Belasting dienste



www.bvsa.ltd



info@bvsa.ltd

Vir meer inligting kontak BVSA
Regsdienste by legal@bvsa.ltd

Vrywaring: Die materiaal vervat in hierdie dokument word slegs voorsien vir algemene inligtingdoeleindes en maak nie deel uit van regsadvies nie. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verlies of skade wat mag ontstaan as gevolg van afhanklikheid van inligting vervat in hierdie artikel nie.